
# Brokkies Nuus—Brenties
# November 2013

*Dapper Stappers* het saam met Daniël in die leeukuil geleer die belangrikheid van bid en volharding, maak nie saak wat. Ons het leeus gemaak, gebak en brou en met groot oë geluister hoe leeus grom en brul. Saam met Jona het ons verskillende emosies bespreek en ervaar, op 'n boot gereis en in die diep-diep see in 'n groot vis se maag gebly. Saam het ons geleer hoekom moet ons gehoorsaam wees en hoekom moet ons dinge doen al is dit nie altyd lekker nie.







*Verkleurmannetjie* het gedurende die jaar van die woordlose boekie: goud, swart, rooi en wit die basiese beginsels van die Evangelie op 'n kleuter-vriendelike wyse geleer. Die afgelope kwartaal het ons die geleentheid gekry om "God se kind" te word. Ons het saam met Saggeus en Paulus geleef, gewerk en vir Jesus aan geneem.

***" Groei Goggas speel en Groei Goggas werk,
Groei Goggas gaan elke Sondag na die kerk
om te leer uit die Bybel en te bid en te getuig,
dit laat 'n Groei Gogga juig"***

So sing ons uit volle bors elke Vrydagoggend ….

***Groei Goggas*** het die BYBEL ontdek die kwartaal. Ons het skatte gesoek, geleer hoe om Bybelstudie te doen, hoe en waar om te bid en dat God ons altyd antwoord: soms JA, soms WAG en soms NEE.







## *Gr 1—Eendag as ek groot is …….*

se verskillende beroepe en karakters is die afgelope kwartaal weer op voortgeborduur. Ons het saam met die sjef (Marta en Maria) gebak en brou, saam met die miljoener (die ryk jong man) van luukses en noodsaaklikhede geleer. Die dokter (barmhartige Samaritaan) ons medemens se "wonde" verbind en saam met die sendeling (Paulus) die wêreld vol gereis om ander van Jesus te vertel.

## *Gr 2—God se boek van wêreldrekords …*

het die kinders weer verstom laat staan oor God se wonderwerke. Ons het hierdie kwartaal gefokus op EK, hoe spesiaal God MY gemaak het en wat MY doel is. Deur klein opvoeringkies deur die kinders, eksperimente en speletjies het die Graad 2's geleer dat hulle elkeen geroep is vir rekords!



**Dankie vir jou gebede en liefde !**

**Juanita Lee
072 637 4882**

# Brokkies Nuus—Brenties
## November 2013



***Gr 3 & 4—Hoop vir Kinders*** het hierdie kwartaal die laaste stukkie van die Evangelie baas geraak. Christus, Geloof en Oorgawe is deel van die bestandele vir die resep na die Hemel. Geleentheid is gegee om Jesus as enigste Verlosser en Saligmaker aan te neem. Elkeen is toegerus om ook, op een hand, die evangelie maklik en vinnig aan iemand oor te dra. Ons werk is om die "saadjie" te plant, dit is God se werk om dit te laat groei…..







## Wapenrusting van God

Toestemming van die onderwyses het toegelaat dat ons tydens die week van 28 – 31 Oktober nie die voorgeskrewe handleidings gevolg het nie, maar 'n Wapenrusting les vir die Gr1 – Gr4 groepe afsonderlik aangebied het. Die kinders is bewus gemaak van die gevare wat deelname aan Halloween partytjies en feesvieringe kan meebring. Ons het gefokus op die Christen se kostuum, naamlik die wapenrusting. Sonder dit is ons weerloos, en 'n maklike teiken vir die duiwel. Kinders is aangemoedig om ELKE dag die wapenrusting "aan te trek" sodat ons beskermd is en kan veg teen die aanvalle van die duiwel. Die kinders het vir weke uitgesien na hierdie les, en het met entusiasme deelgeneem en saamgestem.







**Dankie vir jou gebede en liefde !**

**Juanita Lee**
**072 637 4882**